

## **Les 14: YAHWEH SE GEREGTELIKE ORDE**

Een van die belangrikste onderwerpe in die Skrif is Almagtige Yahweh se Geregte like orde. Van die begin van die Skeppingsweek, in die tuin van Eden, het Yahweh 'n bevel gegee met elke deel van Sy skepping, "...en dit was so". In hierdie opsig word geregte like orde gedefinieer as die orde van elke faset in ons lewe wat vooraf bepaal word deur Yahweh om korrek te wees soos by Sy skepping.

### **14.1 'n Hiërargie van orde gedurende die Skeppings week**

*Gen 1:4 Toe sien Elohim dat die lig goed was. En Elohim het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis;*

*Gen 1:5 en Elohim het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag.*

*Gen 1:11 En Elohim het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so.*

*Gen 1:12 Die aarde het voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee volgens hulle soorte en bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, volgens hulle soorte. Toe sien Elohim dat dit goed was.*

*Gen 1:13 En dit was aand en dit was môre, die derde dag.*

*Gen 1:16 Elohim het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor die dag en die klein lig om te heers oor die nag; ook die sterre.*

*Gen 1:19 En dit was aand en dit was môre, die vierde dag.*

*Gen 1:22 En Elohim het hulle geseën en gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die waters in die see, en laat die voëls op die aarde vermeerder.*

*Gen 1:23 En dit was aand en dit was môre, die vyfde dag.*

Vanaf die Skeppingsweek was daar 'n orde aan alles wat deur Yahweh geskape was. Elke fase van die skepping was nodig om dit wat die volgende dag geskep sou word te laat voortbestaan. Die hemelliggame, watermassa, fauna en flora, fotosintese, 'n simbiose van plant en diere lewe; alles perfek volgens die wil van Vader Yahweh vir die oorlewing van dit wat leef en asemhaal.

### **14.2 Yahweh se geregte like orde is absoluut perfek**

*Gen 1:31 Toe sien Elohim alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.*

Elke faset in die tuin van Eden het tot stand gekom en bestaan volgens Almagtige Vader Yahweh se hiërargie van orde, daarom was dit absoluut perfek. Maar die oomblik toe die man, Adam en die vrou, Eva in die tuin van Eden die verkeerde besluit geneem het, het hul ongehoorsaamheid meegegee dat hulle teen Yahweh se direkte bevel opgetree het, en het sodoende die perfekte orde oortree. As gevolg van hulle ongehoorsaamheid het sonde en dood die eens perfekte Tuin van Eden betree.

### **14.3 Geregte like orde van aanbidding vir Yahweh**

*Deut 12:28 Luister sorgvuldig na al hierdie woorde wat ek jou beveel, dat dit met jou en jou kinders ná jou goed kan gaan tot in ewigheid, as jy doen wat goed en reg is in die oë van Yahweh jou Elohim.*

*Deut 12:29 As Yahweh jou Elohim die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon,*

*Deut 12:30 neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? — dat ek ook so kan doen.*

*Deut 12:31 So mag jy nie handel met Yahweh jou Elohim nie; want alles wat vir Yahweh 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters*

*verbrand hulle met vuur vir hulle gode.*

*Deut 12:32 Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.*

Die meeste geloofsinsettings het mensgemaakte, seremoniële tradisies wat nie in die Skrif gevind word nie. Kersfees, Paasfees, Sondag-aanbidding; die meeste wêreldse "heilige" dae en vakansies is afkomstig van vals heidense aanbidding tradisies van 'n valse "god", wat die massas navolg, want hulle beweer dat die ware Elohim hul harte ken. Dit is juis die probleem, want die hart van die mens is nie ingestel om Yahweh se gebooie en sy geregtelike orde te volg nie. Nee, die mens volg eerder die tradisies van die mens, oorgeërf van geslag tot geslag.

#### **14.4 Yahweh gee vir ons duidelike instruksies hoe om binne Sy orde te leef en watter dae ons Hom moet aanbid**

*Lev 23:1 Verder het Yahweh met Moses gesprek en gesê:*

*Lev 23:2 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die **feestye van Yahweh** wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is **my feestye**.*

*Lev 23:3 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is 'n **sabbat van Yahweh** in al julle woonplekke.*

*Lev 23:4 Dit is die **feestye van Yahweh**, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.*

*Lev 23:5 In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die **pasga van Yahweh**;*

*Lev 23:6 en op die vyftiende dag van hierdie maand is die **fees van die ongesuurde brode van Yahweh**; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet.*

*Lev 23:7 Op die eerste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.*

Yahweh is perfek. Hy is die enigste en ware Elohim van die heelal. Yahweh is 'n jalouse Elohim wat nie vals, heidense aanbiddingspraktyke aanvaar nie; selfs al het die aanbidder geen idee dat dit wat hul doen heidens is nie. Yahweh wil hê dat ons Hom alleen aanbid. In aanbidding moet ons ons eie selfwaarde verlaag na die posisie waar dit behoort te wees, sodat ons met die regte ingesteldheid 'n nederige dienskneg aan Yahweh en ander kan wees.

Eertydse Israel het nie hul Heilige Dag offer sommer enige plek gedoen nie. Yahweh het die geregtelike orde ingestel vir waar Sy Heilige feestye gehou word en waar ons Hom moet aanbid.

*Deut 12:4 So mag julle nie doen met Yahweh julle Elohim nie;*

*Deut 12:5 maar die **plek wat Yahweh** julle Elohim uit al julle stamme **sal uitkies** om sy Naam daar te vestig om daar te woon, moet julle opsoek en daarheen moet jy kom.*

*Deut 12:6 En daarheen moet julle jul brandoffers bring en julle slagoffers en julle tiendes en die offergawe van julle hand en julle gelofte— en julle vrywillige offers en die eersgeborenes van julle beeste en van julle kleinvee.*

*Deut 12:7 En daar moet julle voor die aangesig van Yahweh julle Elohim eet en vrolik wees, julle en jul huisgesinne, oor alles waar julle jul hand aan slaan, waarin Yahweh jou Elohim jou geseën het.*

*Deut 16:16 Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van Yahweh jou Elohim verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van Yahweh verskyn nie;*

*1 Kon 14:21 En Rehábeam, die seun van Salomo, was koning in Juda; een en veertig jaar was Rehábeam oud toe hy koning geword het, en sewentien jaar het hy geregeer in Jerusalem, die stad wat Yahweh verkies het uit al die stamme van Israel om sy Naam daar te vestig. En die naam van sy moeder was Naäma, die Ammonitiese.*

Regdeur die studie sal die leser begin begryp dat Yahweh en alles rondom Sy Skepping, selfs hoe en waar ons Hom moet aanbid, perfek en ordelik is. Die plek van aanbidding en eertydse seremoniële offers was in Jerusalem gedoen. In *Levitikus* hoofstuk 23 word dit presies uiteengesit hoe Sy verbondsvolk Hom moet aanbid en dien. *Deut 12:8* stel dit duidelik dat dit nie voor die aangesig van Yahweh aanvaarbaar is dat elke mens sy eie manier van aanbidding volg nie; met ander woorde, 'n manier van doen wat buite Yahweh se geregtelike orde is.

*Deut 12:8* *Julle moet nie doen net soos ons vandag hier doen nie—elkeen net maar wat reg is in sy eie oë.*

#### **14.5 'n Geregtelike orde en bevel vir die priesterskap in diens vir Yahweh**

*Deut 21:5* *Dan moet die priesters, die seuns van Levi, aankom; want Yahweh jou Elohim het hulle uitverkies om Hom te dien en om in die Naam van Yahweh te seën, en volgens hulle uitspraak moet elke saak van twis en verwonding afgehandel word.*

*Lev 10:1* *En die seuns van Aäron, Nadab en Abihu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van Yahweh gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie.*

*Lev 10:2* *Daarop het daar vuur van die aangesig van Yahweh uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van Yahweh.*

*Lev 10:3* *Toe sê Moses vir Aäron: Dit is dit wat Yahweh gespreek het deur te sê: In die wat naby My is, wil Ek My as die Heilige laat ken, en voor die oë van die hele volk wil Ek My verheerlik. Maar Aäron het stilgebly.*

*Lev 16:1* *En Yahweh het met Moses gespreek ná die dood van die twee seuns van Aäron, wat gesterf het toe hulle voor die aangesig van Yahweh nader gekom het;*

*Lev 16:2* *en Yahweh het aan Moses gesê: Spreek met jou broer Aäron dat hy nie te eniger tyd moet ingaan in die heiligdom nie, binnekant die voorhangsel, voor die versoendeksel wat op die ark is, sodat hy nie sterwe nie; want Ek verskyn in die wolk op die versoendeksel.*

*Lev 16:3* *Hiermee moet Aäron in die heiligdom ingaan: met 'n jong bul as sondoffer en 'n ram as brandoffer.*

*Lev 16:4* *Hy moet 'n heilige linnerok aantrek en 'n linnebroek moet oor sy vlees wees en met 'n linnegordel moet hy hom gord en 'n linnetulband moet op sy hoof wees. Dit is heilige klere; en hy moet sy liggaam in die water bad en dit aantrek.*

Na die goue kalf insident het Yahweh die Levi stam gekies om die twaalf stamme in die Heilige en Allerheiligste plek van aanbidding te verteenwoordig. Indien 'n lid van enige ander stam sou probeer om die Heilige plek van aanbidding te betree, sou daardie persoon verseker dood neerslaan. Volgens Yahweh se geregtelike orde was dit net die stam van Levi wat as priesters van Yahweh aangestel was vir aanbidding in die Heilige plekke van die Tempel.

*Mal 3:6* *“Want Ek, Yahweh, het nie verander nie; ...”*

Vanaf die begin het Yahweh 'n patroon van orde en Yahweh verander nie. Tog is daar soveel verwarring onder gelowiges wat weier om Yahweh se geregtelike orde en leierskap in die liggaam van Messias na te volg en wat selfs ontken dat daar geordende ouderlinge is. Dit is vandag geensins anders as wanneer iemand uit een van die ander stamme van Israel gesê het dat hy die dieselfde reg as Levi het om die heiligdom van Yahweh te betree. Ons leef in die eindtyd en volgens die Bybel is dit die mees onheilspellende tyd om in te leef (*Matt 24:21-22*).

*2 Tim 3:1* *Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom.*

*2 Tim 3:2* *Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig,*

*2 Tim 3:3* *sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie,*

*2 Tim 3:4* *verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van Elohim*

*Rig 21:25 In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë.*

Volgens die Bybel word die eindtyd gelowiges Laodisense genoem. Laodisense is loutarm en werk nie met volle oorgawe vir Yahweh nie. Die woord Laodisense beteken "regeer deur die mense". Meeste derde wêreld lande verstaan die idee van geregtelike orde en behoorlike leierskap in die liggaam van Messias, want daarsonder is daar wanorde. Die westerse samelewing het 'n vals konsep van vryheid en demokrasie waar mense eiewillig is en nie enige vorm van geregtelike orde of leierskap in hul lewens wil aanvaar nie. Menigte mislei hulself dat hulle spesiaal is, of selfs 'n profeet is wat nie aan 'n geregtelike orde onderdanig hoef te wees, nie want hulle sê enige saak is tussen "my en Yahweh". Hierdie tipe mense veroorsaak verdeeldheid en moet vermy word.

#### **14.6 Geregtelike orde met die bevel van Yahweh aan Moses met die bou van die Tabernakel**

*Heb 8:5 hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n hemelse bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is. (Eksodus 25:40).*

Yahweh het presies, tot op die laaste mate vir Moses, 'n boumeester vanuit Egipte, gesê hoe om die Tabernakel te bou.

#### **14.7 Die aanstelling van die leiers in eertydse Israel volgens 'n proses van geregtelike orde**

*1 Sam 9:27 Terwyl hulle by die einde van die stad afdaal, sê Samuel vir Saul: Beveel die dienaar dat hy voor ons uit verder gaan—en hy het verder gegaan—maar staan jy eers stil, dat ek jou die woord van Elohim kan laat hoor.*

*1 Sam 10:1 En Samuel het die kruik met olie geneem en dit op sy hoof uitgegiet en hom gesoen en gesê: Het Yahweh jou nie gesalf as vors oor sy erfdeel nie?*

*1 Sam 16:1 Daarna sê Yahweh aan Samuel: Hoe lank sal jy treur oor Saul, terwyl Ek hom verwerp het om koning te wees oor Israel? Vul jou horing met olie en gaan heen: Ek stuur jou na Isai, die Betlehemiet, want Ek het onder sy seuns vir My 'n koning uitgesoek.*

*1 Sam 16:7 Maar Yahweh sê vir Samuel: Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die mense sien, sien Elohim nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar Yahweh sien die hart aan.*

*1 Sam 16:12 Daarop het hy gestuur en hom laat kom; en hy was rooierig, met mooi oë en 'n mooi voorkoms. En Yahweh sê: Staan op, salf hom, want dit is hy.*

*1 Sam 16:13 Samuel neem toe die horing met olie en salf hom te midde van sy broers, en die Gees van Yahweh het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword. En Samuel het klaargemaak en na Rama gegaan.*

In Yahweh se koninkryk is daar geregtelike orde. Die konsep van 'n demokrasie sal nie in die Koninkryk bestaan nie. 'n Demokrasie is 'n regering van mense wat aangestel is deur ander om oor hul naaste se doen en late te besluit. Yahweh het geen deel in 'n demokrasie nie en daarom sal dit altyd misluk, want meeste mense volg nie Yahweh se Torah nie en beskik nie oor die Heilige Gees wat hul lei om behoorlik oor beslissings te oordeel nie. Dit was die kern van die sonde in die tuin van Eden. Mense maak hul eie keuses, selfs al word 'n situasie nie volkome verstaan nie, met geen denke aan die Torah nie en geloof wat nie 100% in Yahweh gestel word nie.

Wanneer 'n geordende leier aangestel word, word daardie persoon gesalf deur olie oor sy hoof te giet. Slegs iemand met die gesag van Yahweh kon die koning met olie salf en tot vandag toe word 'n leier in die Gemeente van Yahweh aangestel deur 'n geordende man wat olie op die nuwe ouderling of diaken se hoof smeer en die hande op die hoof lê vir die oordra van die Heilige Gees.

*Deut 34:9 En Josua, die seun van Nun, was vol van die Gees van wysheid; want Moses het hom*

die hande opgelê. En die kinders van Israel het na hom geluister en gedoen soos Yahweh Moses beveel het.

#### **14.8 Die ordonnansie van ouderlinge in die Ou Testament**

*Hand 6:1 En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmuring ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is.*

*Hand 6:3 Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuïenis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel;*

*Hand 6:5 En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláüs, 'n Jodegenoot uit Antiochië,*

*Hand 6:6 wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebid en hulle die hande opgelê.*

*Hand 13:2 En terwyl hulle besig was om Yahweh te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.*

*Hand 13:3 En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hulgaan.*

*Titus 1:4 Genade, barmhartigheid, vrede van Elohim die Vader en ons Meester Yahshua Messias, ons Verlosser!*

*Titus 1:5 Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het —*

*1Tim 4:14 Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge.*

*1Tim 3:1 Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortrefflike werk.*

*1Tim 3:2 'n Opsier dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;*

*1Tim 3:3 geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie;*

*1Tim 3:4 een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.*

*1Tim 3:5 Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van Elohim sorg dra?*

*1Tim 3:6 Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie.*

*1Tim 3:7 Maar hy moet ook goeie getuïenis hê van die buitestaanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie.*

Die Skrif maak dit duidelik dat daar 'n geregtelike bevel is oor die aanstelling van 'n ouderling. Dit kan slegs 'n persoon wees wat volgens 'n streng gedragskode leef en van kardinale belang, is dit nie die persoon self wat kies om 'n ouderling te word nie. Yahweh kies sy ouderlinge en maak dit bekend aan 'n persoon met gesag om hom met olie te salf en die hande op te lê vir die ordonnansie.

Geordende ouderlinge is nie daar om gedien te word nie, maar om te dien (*Matt 20:25-26*). 'n Ordonnansie moet nooit gedoen word as gevolg van nepotisme nie (*1 Tim 5:21-22*). Slegs wanneer die persoon alreeds die werk van Yahweh doen en voldoen aan die vereistes moet hy georden word. In Yahweh se geregtelike orde van die familie-struktuur is dit slegs mans wat georden word kan word as ouderlinge en nie die vroue in die gemeente nie (*1 Tim 2:11-14*).

## **14.9 Geregtelike orde vir doop en oplegging van hande vir die oordra van die Heilige Gees**

*Hand 19:1 En terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus die boonste landstreek deurgereis en in Efeze gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind*

*Hand 19:2 en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.*

*Hand 19:3 En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes.*

*Hand 19:4 Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Messias Yahshua.*

*Hand 19:5 En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van Meester Yahshua.*

*Hand 19:6 En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer.*

*Hand 8:12 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van Elohim en die Naam van Yahshua Messias verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.*

*Hand 8:13 En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was, gedurig by Filippus gebly; en hy was verbaas toe hy die tekens en groot kragte sien gebeur.*

*Hand 8:14 En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaria die woord van Elohim aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur.*

*Hand 8:15 Hulle het afgekem en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang,*

*Hand 8:16 want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van Yahshua.*

*Hand 8:17 Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.*

*Hand 8:18 En toe Simon sien dat deur die handoplegging van die apostels die Heilige Gees gegee word, het hy hulle geld aangebied*

*Hand 8:19 en gesê: Gee aan my ook hierdie mag, sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang.*

*Hand 8:20 Maar Petrus sê vir hom: Mag jou geld saam met jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van Elohim deur geld te verkry.*

Die teksverse bewys dat dit alleenlik 'n geordineerde ouderling is wat beskik oor die gesag van Yahweh se geregtelike orde om ander te doop en die hande op te lê vir die oordrag van die Heilige Gees. As dit nie die geval was nie sou Simon die Towenaar nie so dringend die gesag van die Apostels wou koop nie. Hy sou mos net voortgaan om mense uit sy eie te doop. Maar hy het besef dat hy nie die gesag van Yahweh het om dit te doen nie. Hierdie punt is van kardinale belang. Enige broeder vanuit die gemeente kan 'n nuwe gelowige doop (onder die water dompel) maar slegs 'n geordende ouderling kan die hande op die dopeling se hoof lê vir die oordrag van die Heilige Gees. Indien 'n geordende ouderling nie die hande opgelê het nie sal die gedoopte persoon later verward wees en twyfel of hul die Heilige Gees ontvang het.

Die Gemeente van Yahweh het gekwalifiseerde, geordende ouderlinge regoor die wêreld. Kontak ons gerus indien jy gedoop wil word om by die Nuwe Verbond aan te sluit. Indien daar nie 'n geordende ouderling in jou area woon nie sal een van die geordende ouderlinge afgevaardig word om selfs duisende kilometers te reis vir hierdie spesiale doel. Let wel, die ouderling is Yahweh se instrument wat Hy gebruik om Sy regterlike orde en Gees na die nuwe verbondslid oor te dra, dit wil sê dat dit Yahweh is wat Sy Gees oordra.

## **14.10 Aanvaar Yahweh 'n doop wat buite Sy geregtelike orde gedoen word?**

*1 Sam 13:5 En die Filistyne het bymeekaargekom om teen Israel te veg: drie duisend strydwaens en ses duisend perderuiters en voetgangers soos die sand wat op die seestrand is in menigte; en hulle het opgetrek en laer opgeslaan by Migmas, oos van Bet-Awen.*

*1 Sam 13:6 Toe die manne van Israel sien dat hulle in die nood is—want die volk was in die noute gedruk—het die volk weggekruip in die spelonke en in die doringbosse en in die rotse en in die grotte en in die kuile.*

- 1 Sam 13:7 En die Hebreërs het die Jordaan deurgetrek na die land Gad en Gilead; maar Saul was nog in Gilgal met al die manskappe wat bewende agter hom aan gegaan het.
- 1 Sam 13:8 En hy het sewe dae lank gewag, tot die tyd wat Samuel bepaal het; maar toe Samuel nie na Gilgal kom nie en die manskappe van hom af verstrooid raak,
- 1 Sam 13:9 het Saul gesê: Bring na my die brandoffer en die dankoffers; en hy het die brandoffer geoffer.
- 1 Sam 13:10 En toe hy net gereed was om die brandoffer te bring, kom Samuel meteens daar aan; en Saul het uitgegaan hom tegemoet om hom te groet.
- 1 Sam 13:11 Daarop vra Samuel: Wat het jy gedoen? En Saul sê: Ek het gesien dat die manskappe verstrooid raak van my af; en toe u nie kom op die afgesproke tyd nie, terwyl die Filistyne in Migmas bymekaarkom,
- 1 Sam 13:12 het ek gesê: Nou sal die Filistyne na my toe aftrek in Gilgal, en ek het die aangesig van Yahweh nie om genade gesmeek nie; daarom het ek myself sterk gehou en die brandoffer gebring.
- 1 Sam 13:13 Toe sê Samuel vir Saul: Jy het dwaas gehandel, jy het die gebod van Yahweh jou Elohim wat Hy jou beveel het, nie gehou nie; want anders sou Yahweh jou koningskap oor Israel vir goed bevestig het.
- 1 Sam 13:14 Maar nou sal jou koningskap nie bestaan nie. Yahweh het vir Hom 'n man na sy hart gesoek; en Yahweh het hom as vors oor sy volk aangestel, omdat jy nie gehou het wat Yahweh jou beveel het nie.
- 2 Kron 26:3 Sestien jaar was Ussía oud toe hy koning geword het, en hy het twee en vyftig jaar in Jerusalem geregeer; en die naam van sy moeder was Jególja, van Jerusalem.
- 2 Kron 26:4 En hy het gedoen wat reg was in die oë van Yahweh net soos sy vader Amásia gedoen het.
- 2 Kron 26:16 Maar toe hy sterk geword het, was sy hart hoogmoedig, sodat hy baie verkeerd gedoen en ontrou gehandel het teen Yahweh sy Elohim; want hy het in die tempel van Yahweh gegaan om offerrook te laat opgaan op die reukaltaar.
- 2 Kron 26:17 Maar die priester Asárja het hom gevolg en tagtig priesters van Yahweh, flukse manne, saam met hom,
- 2 Kron 26:18 en teen koning Ussía opgetree en aan hom gesê: Dit kom u nie toe, Ussía, om vir Yahweh offerrook te laat opgaan nie, maar aan die priesters, seuns van Aäron, wat geheilig is om te offer. Gaan uit die heiligdom uit, want u het ontrou gehandel, en dit sal u van die kant van Yahweh Elohim nie tot eer strek nie.
- 2 Kron 26:19 Maar Ussía het woedend geword; en terwyl hy, met die wierookpan in sy hand, woedend was op die priesters, slaan die melaatsheid op sy voorhoof uit voor die oë van die priesters, in die huis van Yahweh langs die reukaltaar.
- 2 Kron 26:20 Toe Asárja, die hoofpriester, en al die priesters na hom kyk en sien dat hy melaats was aan sy voorhoof, het hulle hom gou daarvandaan weggedrywe, en hy het ook self gou gemaak om weg te kom, want Yahweh het hom aangetas.
- 2 Kron 26:21 En koning Ussía was melaats tot die dag van sy dood toe, en hy het in 'n afgesonderde huis as melaats gewoon, want hy was van die huis van Yahweh uitgesluit; en sy seun Jotam, wat oor die paleis van die koning was, het die volk van die land geregeer.
- 2 Sam 6:5 En Dawid en die hele huis van Israel het voor die aangesig van Yahweh gespeel met allerhande instrumente van sipreshout, naamlik met sifers en harpe en tamboeryne, en bekkens en simbale.
- 2 Sam 6:6 En toe hulle by die dorsvloer van Nagon kom, het Ussa sy hand uitgesteek na die ark van Elohim en dit vasgehou, want die osse het gestruikel.
- 2 Sam 6:7 Daarop het die toorn van Yahweh teen Ussa ontvlam, en Elohim het hom daar getref oor dié vergryp, sodat hy daar by die ark van Elohim gesterf het.
- 2 Sam 6:8 En Dawid het ontroerd geword, omdat Yahweh 'n skeur aan Ussa geskeur het; daarom het hy daardie plek genoem Peres-Ussa, tot vandag toe.
- 2 Sam 6:9 En Dawid het daardie dag vir Yahweh bevrees geword en gesê: Hoe kan die ark van Yahweh na my kom?

In elk van die bogenoemde instansies het die persoon nie gedink wat hulle doen verkeerd was nie. Inteendeel, hulle het gedink dat hulle Yahweh te hulp staan. Koning Saul het waargeneem dat sy weermag bang, wanhopig en misnoedig was, daarom wou hy tot die aangesig van Yahweh spreek deur 'n brand offer te doen vir hul oorwinning. Saul het geweet dat Samuel alleenlik offers aan Yahweh mag maak en het dus willens en wetens buite die ingestelde, geregtelike orde gehandhaaf en opgetree. Ussía het die tempel van Yahweh betree om offerrook te laat opgaan vanaf die reukaltaar. Weereens was dit alleenlik die priester wat die offerrook mag brand en volgens Yahweh se geregtelike bevel mag Ussía nie eens in die tempel gewees het nie.

In die geval van Ussa het hy gesien die ark van die verbond gaan val en bloot onskuldig sy hand uitgesteek om dit te keer. Volgens Yahweh se geregtelike orde is dit net 'n priester wat die ark mag aanraak en dra daarom het Ussa sy lewe verloor. Volgens die Bybelse voorbeelde is dit duidelik dat dit voor die aangesig van Yahweh 'n ernstige sonde is en geheel en al onaanvaarbaar wanneer iemand buite Yahweh se geregtelike orde handel, veral wanneer 'n spesiale taak aan 'n priester of ouderling gegee word om uit te voer en iemand anders probeer om dit op hul eie uit te voer.

#### **14.11 Hoekom is dit so verkeerd in Yahweh se oë as iemand soos Ussa, met goeie intensies buite die geregtelike orde handel?**

*Num 8:14 En jy moet die Leviëte onder die kinders van Israel uit afsonder, dat die Leviëte myne kan wees.*

*Num 8:15 En daarna moet die Leviëte inkom om die tent van samekoms te bedien. So moet jy hulle dan reinig en hulle as beweegoffer beweeg.*

*Num 8:16 Want hulle is heeltemal aan My gegee onder die kinders van Israel uit, in die plek van alles wat die moederskoot open—al die eersgeborenes uit die kinders van Israel—het Ek hulle vir My geneem.*

*Num 8:17 Want al die eersgeborenes onder die kinders van Israel is myne, van mense en van diere; op die dag toe Ek al die eersgeborenes in Egipteland getref het, het Ek hulle vir My geheilig.*

*Num 8:18 En Ek het die Leviëte in die plek van al die eersgeborenes onder die kinders van Israel geneem*

*Num 8:19 en die Leviëte gegee—hulle is gegee aan Aäron en sy seuns onder die kinders van Israel uit om die dienswerk van die kinders van Israel in die tent van samekoms te verrig en om vir die kinders van Israel versoening te doen, sodat daar geen plaag mag wees onder die kinders van Israel as die kinders van Israel na die heiligdom aankom nie.*

*Lev 10:10 en julle moet onderskeid maak tussen wat heilig en wat onheilig, en tussen wat onrein en wat rein is;*

*Lev 10:11 en julle moet die kinders van Israel leer al die insettinge wat Yahweh deur die diens van Moses aan hulle verkondig het.*

*Ef 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,*

*Ef 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Messias,*

*Ef 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van Elohim, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Messias;*

*Ef 4:14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;*

*Ef 4:15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Messias,*

Ons moet besef dat Yahweh nie soos ons dink nie. Sy weë is hoër as ons weë. Sy gedagtes ver bo ons gedagtes. In die tuin van Eden het Yahweh die fauna en flora, die ekosisteem en ander natuurlike gebeurtenisse perfek en volmaak geskape. Die besluit van die mens om van die boom te eet wat Yahweh beveel het om nie van te eet nie het beteken dat die mens 'n pad gekies het weg van Yahweh se weë en geregtelike orde. Die resultaat van daardie verkeerde besluit het gelei



tot oorlog, siekte, rampe en dood. Die bogenoemde gebeurtenisse vanuit die Bybel dien vir ons as voorbeeld en herinnering dat selfs wanneer ons hart reg is Yahweh nie teen Sy eie geregtelike orde gaan nie, daarom was die bogenoemde strawwe uitgedien.

In Efesiërs was dit Yahshua self wat die volgorde van die ministerie in sy gemeente ingestel het. Wat sou die resultaat gewees het as Yahshua toegelaat het dat mense soos Simon die Towenaar, 'n bedrieër en bemarker van die Woord, Sy Gees aan ander kon oordra? Yahweh sal nooit Sy geregtelike orde vir 'n mens breek nie al is hul bedoelinge eerbaar, soos in die geval van Ussa. Dit moet vir jou duidelik word dat dit uiters gevaarlik is vir enige man wat uit eie wil 'n posisie beklee wat nie deur Yahweh aan hom gegee is deur die regte prosedure en kanale te volg nie. Die priesters (en geordende ouderlinge) in die Ou en Nuwe Verbond het hul gesag vanaf Yahweh ontvang om mense te doop, die hande op te lê, met olie te salf en ander take te doen.

#### **14.12 'n Vrou mag nie as ouderling in die gemeente van Yahweh georden word nie.**

*1 Kor 14:34 Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê.*

*1 Tim 2:11 Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid.*

*1 Tim 2:12 Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou.*

*1 Tim 2:13 Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva.*

*1 Tim 2:14 En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom.*

*1 Tim 2:15 Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid.*

Geregtelike orde sentreer rondom Yahweh se onveranderlike patroon wat met elke situasie in die Skrif toegepas kan word. Die patroon met die skepping, in die tuin van Eden; die vrou was gevorm om 'n maat vir die man te wees (*Gen 2:18*) en om die man te voltooi. Die vrou was dus deel van die man. In plaas van haar eie persoonlike begeertes en doelwitte, is haar begeerte vir haar man en volgens Yahweh se geregtelike orde sal hy oor haar heers.

*Gen 3:16 Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers.*

Natuurlik het dit nie beteken dat die vrou mishandel, terneergedruk of misbruik mag word nie. Nee, volgens Yahweh se geregtelike orde moet die een die ander dien. Van die begin af met die skepping van die vrou, was en is sy nogsteeds nie in 'n posisie van gesag oor 'n man aangestel nie, want dit sou beteken dat sy 'n posisie inneem wat nie aan haar gegee is nie. Yahweh het elke mens individueel gemaak, elk met hul eie gegewe talente en natuurlike vermoëns (*1 Kor 12:11*).

Satan het 'n manier om mense te beïnvloed dat hulle ander se gegewe talente, vermoëns loopbane en besitting begeer en dit lei tot afguns, twis, 'n kompeterende dryfkrag en wanorde. Satan werk op die mens se onvolwassenheid ten opsigte van temptasies en begeertes van die vlees om te wil besit wat ander het. Yahweh se manier is heeltemal die teenoorgestelde. Binne Yahweh se geregtelike orde het Hy vir elke persoon gegee, deur middel van Sy Heilige Gees, die gawes wat ander komplimenteer sodat mededinging nie nodig is nie.

In *Genesis 2:18* word gesê dat Yahweh 'n hulp vir die man sal maak. In Hebreeus, beteken "hulp", dit wat nodig is om te voltooi. Net soos 'n hand die handskoen voltooi en gemaak is vir 'n doel, net soos 'n muntstuk twee kante het, elk afsonderlik ontwerp, so moet 'n man en vrou saamwerk as 'n eenheid binne die huweliksverbond. Binne Yahweh se geregtelike orde is daar volkome samewerking. Binne die liggaam van die Messias (gemeente) is elke lid veronderstel om die funksie uit te voer wat die Heilige Gees hul geseën het om uit te voer. Daarbenewens is gemeentelike vrywilliglik onderdanig aan mekaar en samewerking is gemoedelik kooperatief. In

Yahweh se geregtelike orde beteken dit nie dat 'n persoon met 'n gegewe rang of gesag aangestel word oor ander sodat hulle meer en die ander minder selfwaarde het nie.

*Rom 12:4 Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie,*

*Rom 12:5 so is ons almal saam een liggaam in Messias en elkeen afsonderlik lede van mekaar.*

*Rom 12:6 En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is:*

*Rom 12:7 is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering;*

*Rom 12:8 of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.*

*Ef 5:21 en aan mekaar onderdanig is in die vrees van Elohim.*

Geregtelike orde beteken nie dat 'n predikant of ouderling al die beheer oor die lidmate van die gemeente het nie of dat die lede nie toegelaat word om in die gemeente te funksioneer nie. Inteendeel, Yahweh se geregtelike orde word deur die ouderlinge geïmplimenteer, net soos 'n regter sy hofsaal in orde hou. Die regter neem die verrigtinge in die hofsaal waar, en so lank as wat die regter se orde gehandhaaf word, sal hy baie min sê of insette lewer, maar sodra dinge uit verband ruk sal die regter iets sê sodat die orde herstel word. In enige gegewe gemeente is daar broeders teenwoordig met die gawe van opvoeding, aanmoediging, van lofprysing of administrasie. 'n Goeie leier van Yahweh sal altyd probeer om ander te bemoedig en om geestelike gawes te verbeter sodat die liggaam saam funksioneer tot eer van Yahweh.

*1 Kor 14:26 Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging—laat alles tot stigting geskied.*

Vanuit Yahweh se woord word ons beveel om saam te kom, elk met sy of haar besondere talent of gawe tot eer van Yahweh. Omdat dit tot eer van Yahweh gedoen word, moet dit ook volgens Yahweh se geregtelike orde geskied.

In die Westerse kultuur is daar 'n tendens dat sommige vrouens op die Sabbat op die stoel van Moses wil sit en preek. Wanneer daar verduidelik word dat dit teenstrydig is met Yahweh se geregtelike orde, is hulle ontsteld, kwaad en sommiges hoogs geaffronteerd oor die teregwyding. Dieselfde vroue sal hul kinders na 'n openbare skool stuur en sodoende hul seën verwaarloos om die kinders tuis te onderrig (*1 Tim 2:15*). Ander vroue beweeg uit Yahweh se geregtelike orde wanneer hulle 'n siek persoon met olie op die hoof salf, die hande oplê en bid vir genesing. Vanuit die Skrif is dit duidelik dat dit alleenlik die funksie van 'n geordende ouderling is (*Jakobus 5:14*). Daar is natuurlik die gawe van genesing deur gebed waaroor 'n man of vrou kan beskik, maar dan geskied dit sonder die salf van olie op die hoof. Alleenlik dan sal dit binne Yahweh se geregtelike orde wees.

In die tuin van Eden het Adam en Eva 'n keuse gehad om van die vrugte te eet wat Yahweh uitgewys het as eetbaar, of om buite Yahweh se geregtelike orde vir hulself te kies wat hulle wil eet. Hulle het die verkeerde keuse gemaak en sedertdien was die wêreld nog nooit weer dieselfde nie as gevolg van Satan se invloed en die menslike natuur. Maar, loof ons Hemelse Vader dat hy ons in 'n perfekte omgewing, Eden wil herstel onder sy geregtelike orde.

*Joël 2:3 Voor hom uit verteer 'n vuur, en agter hom brand 'n vlam; voor hom lyk die land soos die tuin van Eden, en agter hom is dit 'n woeste wildernis; ook kan niks daaraan ontkom nie.*

Indien ons Yahweh in Sy Koninkryk wil dien is dit uiters belangrik dat ons leer hoe om binne die liggaam van Messias te funksioneer (*Fil 4:11*). In die Koninkryk sal sommige van ons aangestel word oor vyf stede, ander oor tien stede. Elke wese, geseënd om in Yahweh se Koninkryk te wees sal onder die gesag van 'n ander funksioneer (*Luk 19:12-19*).

As ons nie nou al leer hoe om te leef volgens geregtelike orde nie, sal ons nooit in staat wees om Yahweh in Sy Koninkryk te dien nie. Geregtelike orde is meer as net die navolg van reëls. Dit is om ander met ons hart en siel, krag en verstand te ondersteun en op te bou sodat elke lid in die gemeente se gegewe posisie en talente onderskraag kan word. Die leier beskik oor die vrugte van die gees, daarom sal die mense vrywillig gelei word en sy gesag hoef nie afgedwing word nie.

Yahweh het die mens in 'n posisie van beheer geplaas op die aarde. Hy verwag dat ons onderhewig sal wees aan die gesag in die gemeente en selfs die gemeenskap wat Hy in plek gestel het, solank dit nie met Sy Torah teenstrydig is nie.

Dink deeglik hieroor na. Die ewigheid is 'n baie lang tyd, daarom wil Yahweh ons almal toets om seker te maak dat ons lojaal en onderdanig sal bly aan sy regering tot in alle ewigheid.

*Rom 13:1 Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van Elohim nie, en die wat daar is, is deur Elohim ingestel,*

*Rom 13:2 sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van Elohim weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.*

*Heb 13:17 Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.*

*1 Kor 14:40 Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan.*

#### **Kortlikse samevatting:**

1) Yahweh se geregtelike orde is gedurende die skeppings week ingestel, daarom moet ons daarna streef om binne Sy geregtelike orde te leef sodat ons vir Sy Koninkryk sal kwalifiseer.

2) Elkeen van ons het gawes en talente van Yahweh ontvang, daarom moet elkeen met hul spesifieke talente werk en nie 'n ander se posisie of talente begeer nie.

3) Slegs 'n gekwalifiseerde, geordende ouderlinge mag nuwe lidmate doop en die hande oplê vir die oordraging van die Heilige Gees.

4) Volgens Yahweh se geregtelike orde mag 'n vrou nie 'n posisie van leierskap in Yahweh se gemeente beklee nie. Die vrou het 'n gegewe rol as hulp maat vir haar man, om jonger vroue te leer en om haar kinders tuis te onderrig.

Laai gerus die volgende lesse van ons webtuiste af [www.coyhwh.com](http://www.coyhwh.com)

1. Judicial order MP3
2. Womans Role In The Congregation MP4
3. Everybody was doing what was right in their own eyes MP4